BRIAN C. STILLER

*Preaching parables to postmoderns*

Fortress Resources for Preaching. Augsburg: Fortress Press. 2005. 200 pp.

Brian Stiller, president van Tyndale University College and Seminary en veral 'n bekende in Kanadese Evangeliese sirkels as skrywer en prediker, maak in sy boek *Preaching parables to postmoderns* erns met die betekenis van die gelykenisse vir die postmoderne mens. In dié boek formuleer hy 'n aantal verhelderende perspektiewe ten einde die leser te laat sien dat die gelykenisse soos vensters is wat op die Koninkryk geopen word.

In Hoofstuk 1 skilder Stiller in toeganklik verwoorde vaktaal die buitelyne van 'n pre-moderne-, moderne- en postmoderne era. Die fokus in dié bespreking val onder meer op 'n beskrywing van die karakteristieke van die postmoderne era, waaruit dit onder andere blyk dat sogenaamde objektiewe waarhede funksionerende vanuit 'n posisie van mag en outoriteit deur postmodernisme bevraagteken word. Stiller skep reeds in dié skets van die paradigmaskuif 'n bepaalde spanning by die leser oor hoe die Bybelse waarhede dan tot die postmoderne mens of die sogenaamde Generasie X-mens kan spreek. Hy formuleer 'n moontlike antwoord op die vraag as hy in Hoofstuk 2 die leser uitnooi om saam met hom deur die venster van die gelykenisse te kyk. In 'n oorsigtelike en maklik lees- en verstaanbare bespreking help hy die leser om te verstaan hoe gelykenisse in terme van tradisie, konvensie en intensie funksioneer. Dié perspektiewe word dan deur Stiller gebruik in die ontwikkeling van 'n homiletiese teorie en riglyne vir die gebruik van die gelykenisse vir die prediking.

Vir my persoonlik lê een van die vernaamste winspunte van die boek daarin dat die leser gelei word om te verstaan waarom die gelykenisse by uitnemendheid as preekmateriaal vir die postmoderne mens geskik is. Op deeglike wyse word die leser gehelp om te verstaan hoe die vraag na die hantering van Bybelse waarhede in 'n postmoderne tyd deur die lees en prediking van die gelykenisse aangespreek kan word. Stiller (2005:28) verwoord die vergesig wat die vensters van die gelykenisse aan die postmoderne mens bied as hy skryf:

> To the postmodern denial of the grand story, parables don't begin with the wider landscape but instead begin on the ground where people live ... As a story, it has appeal to the postmodern world-

> view that rejects the larger story for people of all situations. With the postmodern rejection of the metanarrative as the wider explanation of life, the mini-narrative becomes less-offensive or threatening. Parables locate Jesus' message within a story and by so doing appeal to the intuitive and experiential nature of the postmodern.

In Hoofstuk 3 word die luike van 'n tiental gelykenisse uit die Matteus- en Lukasevangelies een vir een vir die leser geopen. Die leser ontdek saam met Stiller nuwe perspektiewe uit die Matteusevangelie ten einde die gelykenisse van die saaier, die skuldeiser, die arbeiders in die wingerd en die talente nuut te lees en te hoor. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, die vriend om middernag, die ryk dwaas, die verlore seun, die weduwee en die regter en die fariseër en die belastinggaarder dien weer as uitsigte vanuit die Lukasevangelie. Soos tien vensters wat stelselmatig vir die leser oopgestoot word, word elk van die gelykenisse een na die ander aan die orde gestel. Die leser word deur Stiller gelei om deur grondige eksegetiese werk waarin onder meer gevra word na die posisie van die gelykenis in die Bybelteks en die invloed en betekenis van die kulturele agtergrond, tot 'n verantwoordelike homiletiese formulering vir die hoorder te kom. Deur die leser voortdurend tot 'n nuwe uitsig by elk van die tiental gelykenisse te begelei, word tien unieke vergesigte aan die postmoderne leser en hoorder gebied.

Stiller laat dit egter nie net by uitsigte nie, maar nooi ook die leser uit om saam met hom in Hoofstuk 4 deur 'n viertal klaar voorbereide preke te stap. Die leser word saam geneem tot nuwe vergesigte in die preke oor die gelykenis van die skuldeiser (Mat. 18:21-35), die talente (Mat. 25:14-30), die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25-37) en die verlore seun (Luk. 15:11-32). Waar die vensters aanvanklik geopen is deur verkennende eksegetiese werk, word die leser nou begelei ten einde dié uitsigte te betree as nuwe homiletiese landskappe.

Die boek word afgesluit met 'n aantal notas wat verdere teoretiese aksente bring vir dit wat alreeds in die boek bespreek is. 'n Volledige lys van verwysings bied nie net verdere begronding aan die teoretiese stof wat in die boek aan orde gestel is nie, maar word ook 'n nuttige aanduiding vir die wat verder wil lees. 'n Indeks van Skrifgedeeltes wat in die werk hanteer word, is 'n verdere toevoeging tot die hoog leesbare werk.

Ek beveel graag die boek aan by elkeen wat juis in 'n tyd soos hiérdie ander wil help om deur die gelykenisse 'n nuwe blik op die waarheid van die Koninkryk te ontdek.

Dr. Jan-Albert van den Berg
Departement Praktiese Teologie
Universiteit van die Vrystaat.